30 Maart

God verskeur, maar maak weer gesond

Skrifgedeelte: Hosea 5: 15-6:6
Fokusgedeelte: Hosea 15:15

Voel jy soms asof God jou soos 'n roofdier aangeval het en jou net so gelos het? Dit is die beeld wat die profeet gebruik om Israel te wys wat hulle straf is, omdat hulle nie na die Here gekom het vir verlossing nie, maar hulle na Assirië gewend het.

Hosea moedig egter die volk aan om terug te keer tot God sodat Hy hulle wonde verbind en hulle weer gesond kan maak. Hy gee in hoofstuk 6:3 die versekering dat God sal verskyn, net soos die son elke oggend opkom, en hulle kom verkwik, soos die lentereën die grond verkwik.

Maak nie saak hoe moeilik dit in ons lewens gaan nie, en al voel dit asof God Hom onttrek het van ons, Hy sal weer ons wonde genees. Elke keer wat jy die son sien opkom, dink aan die sekerheid dat God aan jou verskyn en jou weer sal verkwik. Dat Hy sy Seun, Jesus Christus, vir jou gestuur het.

God verwag liefde en toewyding aan Hom bo enige offer wat ons kan bring (6:6). Maak nie saak hoe ver weg ons voel nie, of hoe swak ons verhouding met God is nie, Hy is altyd daar om ons wonde gesond te maak.

Sing: Psalm 103:1-2 *Teologiese Student Danie Potgieter*